

# DIE EERSTE BEWONERS VAN KERKPLEIN, PRETORIA

*Sophia du Preez*

*Dokumentasiediens, S.A. Weermag*

In die somer wat gevvolg het op die slag by Boomplaats (28 Augustus 1848) het 'n groepie Vrystaters, onder wie die Vermeulens, die Minnaars en die Fournies, na die Magaliesberg in die Transvaal getrek en op die plase Elandsport en Daspoort aan die Apiesrivier aangekom. Hier het die vlugtelinge uitgespan op die terrein waar Burgerspark vandag geleë is.

Josef Fourie het verder noordwaarts getrek terwyl van die ander emigrante plase suid van die Magaliesberg beset het. Hendrik Verneulen het besluit om hom voorlopig op die "Bontveld" te vestig. Dit was 'n hoogtejtie nabij die Apiesrivier wat, volgens Mieta Bronkhorst (later die bruid van Philip Minnaar), so genoem is vanweë die kolagtige voorkoms van die plantegroei in die gebied.<sup>1</sup> Destyds was daar reeds verskeie Voortrekkerfamilies op plase in dié omgewing gevestig, maar niemand kon voorspel dat die "Bontveld" uiteindelik die bekende "Kerkplein" van Pretoria sou word nie.

Plase in die omgewing van die teenswoordige Pretoria is reeds so vroeg as 1841 uitgemeet. Veldkornet (later kommandant) Gert Kruger het naamlik in opdrag van die Volksraad in Augustus 1841 'n plaasinspeksie ondernem. By die geleentheid is onder meer die plaas Groenkloof vir Lucas C. Bronkhorst uitgemeet en die buurplaas, Elandsport, aan sy broer Johannes Gerhardus Stephanus Bronkhorst toegeken, terwyl F.W.J. du Plessis baas gevword het van Dassiespoort. Ander inwoners was die weduwee Helena Hennop, aan die Hennopsrivier, Daniël Erasmus die jonge, op Doornkloof, sy vader op Swartkop, en weduwee-skoonsuster Susanna Margaretha (gebore Jacobs) op Rietvlei. Susara Johanna Bronkhorst het toe op Garstfontein gewoon, Willem Jacobus Botha op Rhenosterpoort (later die Pretorius-broers se plaas Broederstroom) en W.A. du Plessis op Hartebeesthoek —

almal eerste bewoners van plase wat vandag alom bekend is in die Pretoria-distrik.<sup>2</sup>

'n Blik op die kaart van hierdie eerste plase wat tussen ongeveer 1840 en 1855 in die omgewing van Pretoria uitgemeet is, toon duidelik die belangrikheid van vars fonteinwater vir die Voortrekker. Die eerste bewoners het hulle plase rondom fonteine uitgemeet en dit is dan ook die fonteine wat in die huidige Burgerspark ontspring het sowel as ander op die terrein teenoor die Provinciale Administrasiegebou in Pretoriussstraat en by die voormalige Fonteinlaan (tans Volkstemlaan) wat die Vermeulens in die eerste plek by die "Bontveld" laat uitspan het.


Die Vermeulens het — soos baie ander Trekkers — 'n lang trekkerfamiliegeskiedenis. Guillaume Christoffel Vermeulen het in die oostelike Karoo geboer en was 'n

*Voortrekkerplase in die distrik Pretoria. Die grenslyne is volgens kontemporêre kaarte getrek en dui nie noodwendig die oorspronklike grense aan nie.*

SAAMGESTEL DEUR S. DU PREEZ

G. PRELLER. *Ou Pretoria: sakelike verhaal van die stad se Voortrekker-periode* (Pretoria, 1938), p.14.

2. Akteskantoor, Pretoria, Inspectie Boek: Pretoria 1841–64.



trekboer wat jare voor die Groot Trek periodiek buite die koloniale grense beter weiveld gaan soek het. As veeboer het hy ook te kampe gehad met die talle probleme wat koloniste in die uithoek van die Kaapkolonie te bowe moes kom. In die negentiende eeu was daar Boesman-rooftogte (wat by herhaling skade en verpligtre kommandodiens meegebring het), droogtes, sprinkane en trekbokke (wat meegehelp het om 'n chroniese tekort aan weiveld te veroorsaak).<sup>3</sup>

Die Vermeulens het waarskynlik, soos ander boere indertyd, stadig noordwaarts begin trek. Die grondgebied binne koloniale grense was te min om in die groeiende grondbehoeftes van die veeboere te voorsien. As gevolg hiervan is families later eenvoudig verplig om landsgrense oor te steek. 'n Man soos Guillaume Vermeulen, wat op 3 April 1809 met Johanna Philippina Wolfaardt<sup>4</sup> deur ds. J.J. Kircherer getrou is, kon aanvanklik nog met sy pa 'n plaas deel. Namate sy boerdery en die van sy vier ouer broers uitgebrei het, moes hy *elders* 'n heenkome soek.

Daar is vir Guillaume en Johanna Vermeulen vier seuns en drie dogters gebore. Hy en sy boesemvriend, Frederik Coenraad de Beer — wat self ook 'n paar seuns gehad het oor wie se toekoms as veeboere hy hom waarskynlik gekwel het — moes soms bespiegel het oor die boerderyprobleme in die Kaapkolonie en spesifiek op en agter die Sneeuberg, waar hulle teen 1818 gewoon het.<sup>5</sup> Gaandeweg het die gedagte onder hierdie boere begin vorm aanneem en groei dat, solank as daar geen fisies obstruksie hulle uitwyking na die noorde in die weg staan nie, die veeboere sou trek: trek wanneer gebrek aan water en weiding hulle vee met 'n hongerdood bedreig; trek omdat geen boerseun in 'n selfversorgende, agrariese gemeenskap werklik 'n ander beroepskeuse gehad het nie.

Donald Moodie het in 1834 aan P. Botha, 'n trekboer aan die Oranjerivier, gevra waarom boerseuns nie liewer ambagte aanleer nie. Botha se antwoord was dat so 'n ambagsman nie werk sou kry nie, want elke boer het in sy eie behoeftes voorsien.<sup>6</sup> Slegs 'n wamaker, soms 'n grofsmid, en by uitsondering (naby dorpe) 'n meubelman kon met sy ambag iets verdien.

'n Tweede aspek wat nou hiermee saamhang, is die feit dat niemand wat sy eie baas kan wees, vir 'n ander wil werk nie. Dit was dan ook die gewoonte (wat vandag nog voortleef) om vir elke kind by geboorte 'n verskaff te merk. Verskalwers is dikwels as "pillegift"<sup>7</sup> ontvang van die doopgetuies en so het die veeboerdery van die volgende

*Hendrik en Johanna Vermeulen met hul jongste seun en dogter, ca. 1860.*

FOTO: S. DU PREEZ



geslag reeds in die babadae van 'n nuweling begin.

Met die geboorte van Guillaume en Johanna se vyfde kind, Hendrik Johannes, op 28 Augustus 1819 het die gesin reeds agter die Sneeuberg<sup>8</sup> gewoon. Die chroniese tekort aan gesikte plase het egter onverpoosd voortgeduur. Teen Desember 1834 was die gebrek aan plase so groot dat 225 boere net in die Colesbergomgewing alleen by sir Benjamin D'Urban aansoek gedoen het om plase: almal veeboere maar sonder plase.<sup>9</sup> Daar was nie nog gesikte plase binne die koloniale grense wat die regering kon toewys nie; nogtans was die regering baie onwillig om die land se grense verder noordwaarts uit te brei. Daarby was die veeboere ewe vasbeslote om noordwaarts te trek ten einde in hulle eie behoeftes te kan voorsien en dikwels ook om algehele ondergang te voorkom.

"Hoe ver sou hulle trek?" het die grensbesoeker, Donald Moodie, gewonder. "Tot ander kant uit," was die mening van 'n vier-en-tachtigjarige boer.<sup>10</sup> Kort hierna het die Groot Trek begin en 'n ander wending aan die toekoms van baie seisentrekkers gegee.

Op Cradock en Colesberg is die eerste kleinkinders van Guillaume Vermeulen en Frederik de Beer gedoop, maar na 1840 verskyn daar gereeld die byskrif "over de grensen" in die doopregister van Colesberg. So is 'n kleinseun en naamgenoot van Guillaume op 2 Oktober 1843 in Colesberg gedoop. Dit was die eersgeborene van Hendrik en Johanna Vermeulen, wat Guillaume en sy vrou sowel as sy ou Sneeubergse bure, Frederik Jacobus Matthys de Beer en sy vrou, doopgetuies gemaak het.<sup>11</sup> Was Hendrik en Johanna se keuse van doopgetuies oor hulle oudste die seël op jarelange buurskap en vriendskap? Dit blyk so te wees, want tien jaar later koop dieselfde groep mense elk 'n aandeel in die plaas Hartebeestpoort by Pretoria en gaan so hulle oudag as bure op een werf tegemoet.

## LANDDROS J.G. VERMEULEN

Dit kan wees dat dié Jan G. Vermeulen wat op 16 November 1840 deur die Natalse Volksraad aangestel is as veldkornet en fungerende landdros vir Winburg,<sup>12</sup> die oudste seun van Guillaume was. Hy is in 1842 as landdros opgevolg deur J.J. Wessels maar bly 'n invloedryke man wat ook op 10 April 1844 saam met A.H. Potgieter en andere na die anneksasie van Natal die Winburg-Potchefstroom-onafhanklikheidsverklaring onderteken

P.J. VAN DER MERWE, *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek (1770—1842)* (Den Haag, 1997), pp. 176—203.

4. Transvalse Argiefbewaarplek, Pretoria (T.A.B.), Huwelikregister van die gemeente Graaff-Reinet G6.6/2 (fotokopie).
5. T.A.B., Doopregister van die gemeente Graaff-Reinet (fotokopie), doopinskrywing van Hendrik Johannes Vermeulen: gedoop op 2 Mei 1819.
6. P.J. VAN DER MERWE, *op. cit.*, p. 352, haal aan D. MOODIE, *Saxon Normads*, p. 36.
7. L. FOUCHE, (red.), *Het dagboek van Adam Tas (1705—1706)* (Kaapstad, 1914), pp. 56, 60 en 64.
8. Vergelyk die doopinskrywings vir Guillaume Vermeulen se kinders in die doopregister van die gemeente Graaff-Reinet.
9. P.J. VAN DER MERWE, *op. cit.*, p. 328.
10. *Ibid.*, p. 352.
11. T.A.B., Doopregister van die gemeente Colesberg G16.9/1 (fotokopie), G.C. Vermeulen: gebore 30 Maart 1843 "over de grenzen".
12. S.A. Argiefstukke, Natal no. 1: *Notule van die Natalse Volksraad 1838* 45 (Pretoria, 1958), p. 67.



*Maria Adriana de Beer, die jongste suster van Hendrik en Kootjie Vermeulen. Haar man was die eienaar van die plaas Garstfontein.*

FOTO: G. DE BEER

het. Jan is ook in 1843 en 1844 saam met kmdt.-genl. Potgieter se kommissietrekke na Delagoabaai.

G. Preller het beweer dat Kootjie Vermeulen, die jongste seun van Guillaume en Johanna, die bekende Winburgse landdros was.<sup>15</sup> So 'n afleiding sal 'n mens wel kan maak aangesien die landdros se naam, J.G. Vermeulen, telkens in die Natalse Volksraadnotules voorkom. Die notule van 16 November 1840 vermeld egter duidelik "den heer Jan Vermeulen". Albei broers se voorletters was J.G. maar Jan was in hierdie stadium 'n man van veertig terwyl Jacobus skaars negentien jaar oud was.<sup>14</sup>

Na die noodlottige slag by Boomplaats het Guillaume en sy twee jongste seuns, Hendrik en Jacobus, sowel as Frederik de Beer en sy twee seuns, Frederik Jacobus Matthys en Matthys Johannes, na die Magaliesberg verhuis. Hendrik en Johanna se vierde kind, Jan Albert, is op 9 November 1848 deur een van die besoekende leraars, di. P.E. Faure of William Robertson, in die Vrystaat gedoop,<sup>15</sup> kort voor hulle hul reis na Transvaal voortgesit het.

## BEWONERS VAN DIE "BONTVELD"

Jacobus Vermeulen was blykbaar 'n wewenaar<sup>16</sup> wat na sy aankoms by die Apiesrivier nie gras onder sy voete laat groei het om by sy buurman, veldkornet Andries van der Walt, se dogter Phillipina Susanna te kuier nie. Die veldkornet het waarskynlik grond besit wat voorheen aan J.G.S. Bronkhorst behoort het en sy kliphuis was tussen die Apiesrivier en Pretoriastasie waar die Bereahotel later gebou is, geleë.<sup>17</sup> Kootjie – soos Jacobus in die omgang bekend gestaan het – is kort na die Vermeulens se aankoms aan die Apiesrivier getroud.<sup>18</sup> Hy het naby die teenswoordige Kerkplein vir hom 'n huis gebou op die terrein waar die Transvaalse Provinciale Administrasiegebou vandag staan. Hy en sy broer was volgens oorlewering die bouers van die omgewing en daarby ook veeboere. Kootjie, veral, was bekend as tuinier.<sup>19</sup>

Intussen het die twee broers se gesinne gegroei. Hulle vader wat toe reeds ouer as sestig was, wou waarskynlik baas wees op sy eie plaas. In 1853 het David Botha, toe eienaar van die plaas Hartebeestpoort waarop Silverton later aangelê is, besluit om hom op die naburige plaas, Kleinfontein, te vestig. Guillaume Vermeulen en sy

skoonseun, Frederik Matthys Jacobus de Beer, het Hartebeestpoort in 1853 van Botha gekoop en die Vermeulens en die De Beers was ruim twintig jaar lank die eienaars van die plaas.

## KERKPLAAS EN REGERINGSETEL

Met die aankoms van die Vermeulens en ander Trekkers in 1848 was die Oorvaalse trekkergemeenskap reeds versprei vanaf Potchefstroom, Marico en Rustenburg, langs die sentrale streke by die Magaliesberg af tot by Lydenburg in die ooste en Soutpansberg in die verre noorde. Hierdie uitgestrektheid van die bewoonde gebied het administratiewe probleme geskep terwyl dit moeilik was om afstande te oorbrug vir kerkbyeenkomste en Volksraadvergaderings.

Gedurende 1853 het M.W. Pretorius ook vertoe ontvang van die Rustenburgers vir 'n meer sentrale kerk- en regeringsetel. Waarskynlik met die Lydenburgers se tradisionele teenstand voor oë het Pretorius die weg vir so 'n Volksraadbesluit berei met 'n brief wat op 23 Augustus 1853 aan die Lydenburgse Volksraad gestuur is waarin die probleem sowel as die versoek uiteengesit is.<sup>20</sup>


Kort hierna het die Strydoms en ander families aan die Suikerbosrand ook by die President aangedring op 'n meer sentraal geleë setel aangesien alle sittings van "den W. Edele raad met groot koste gepaard gaan."<sup>21</sup> Uit bogenoemde korrespondensie blyk dit voorts dat Pretorius reeds die saak ondersoek en die plase van J.J.P. Prinsloo en A. van der Walt aan die Apiesrivier geskik geag het vir die doel. Hierdie plase was volgens hom sentraal geleë en die geredelike beskikbaarheid van water in die omgewing het die terrein ook vir 'n dorpsaanleg geskik gemaak. Dit blyk verder dat die Rustenburgse kerkraad reeds besluit het om gedeeltes van hierdie plase af te sonder vir 'n "Kerkplaats", waarop Pretorius die nodige terrein vir 'n bedrag van 8 000 riksdalers aangekoop het.

Die planne vir 'n "Kerkplaats" op die toentertydse "Bontveld" het stadig vorm aangeneem. 'n Kollektelys ter bestrvding van die boukoste van 'n kerk is op 11 Augustus 1854 opgestel deur ouderling N.J. Smit en onder die

G. PRELLER, *op. cit.*, p.66.

Kyk C.G. DE VILLIERS en C. PAMA, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (Kaapstad, 1966), p.1016. Jan Gabriel: gedoopt 13.8.1809; T.A.B., Doopregister van die gemeente Graaff-Reinet G6.3/7 (fotokopie), 10 November 1821. Jacobus Gerhardus: gebore 15 Mei 1821.

15. T.A.B., Voortrekkerdoopregister, Jan Albert Vermeulen: gebore 18 April 1848.
16. T.A.B., Voortrekkerdoopregister, Heiltje Magdalena: gebore 22 Augustus 1845, is op 21 Desember 1845 te Winburg gedoopt deur eerw. D. Lindley. Sy was die dogter van Jacobus Gerhardus Vermeulen en Heilje Magdalena Esterhuyse. Geen verdere besonderhede oor die dogter kon opgespoor word nie en besonderhede van die huwelik ontbreek ook in die Voortrekkerhuwelikregister.
17. Munisipaliteit Pretoria, "Kaart van het dorp Pretoria, Z.A. Republiek, Maart 2 1859", opgemeet deur landdros A.F. du Toit.
18. Geen huweliksdatum kon gevind word nie. Guillaume Christoffel, 'n seun (waarskynlik die oudste), is op 4 Januarie 1852 gebore en het op 12 Oktober 1872 in Pretoria lidmaat geword. Vergelyk N.G. Gemeente Bosmanstraat, Pretoria, Lidmaatregerister. Die oudste dogter, Cornelia Magdalena (klaarblyklik na haar ouma Van der Walt vernoem), se geboortedatum kon nie gevind word nie.
19. H.M. REX, Enige mededelings i.v.m. die geskiedenis van twee erwe en 'n straat, *Pretoriiana*, 2(4), p.18; S.P. ENGELBRECHT (red.), *Pretoria 1855–1955* (Pretoria, 1955), pp.112, 133 en 264.
20. T.A.B., VR 310/53.
21. T.A.B., VR 318/53.



Rustenburg- en Potchefstroom-gemeentelede<sup>22</sup> gesirkuleer, maar 'n jaar later was daar nog geen vordering met die bou van 'n kerk nie. Uiteindelik het Pretorius self bouers voorsien en die kerk is voltooi. Ds. Dirk van der Hoff, die eerste leraar van die Transvalers, het die gemeente die Latynse naam Pretoria Philadelphia (dit is Pretorius-broederskap) gegee ter ere van die ontslape kndt.-genl. Andries Pretorius, wat baie gedoen het om vrede onder die Voortrekkers te bewaar. Die kerk op Kerkplein is voltooi en op Sondag 22 Februarie 1857 ingewy. Dit was duidelik dat die gebou veels te klein was en 'n groter kerk het spoedig hierna op dieselfde terrein verrys.<sup>23</sup> In die tyd het kaptein J.H.M. Struben en sy familie hulle in die omgewing van "Kerkplaats" op die "Bonteveld" gevestig. Volgens sy seun, Harry Struben, wat die plek hoogs vervelig gevind het, was daar omstreeks 1855 slegs een hartbeeshuis op die huidige Kerkplein, naamlik dié van Hendrik Vermeulen wat van pale, riet en klei gebou was.<sup>24</sup> Kaptein Struben het waarskynlik vir hom 'n soortgelyke huis daar naby laat bou, want toe Marian Churchill Pretoria 'n jaar later besoek het, het sy 'n waterverfskildery gemaak waarop Struben se huis geskets en spesifiek in 'n byskrif vermeld is. Nog steeds het die dorp meer na 'n plaas as na 'n dorp gelyk.<sup>25</sup>

Intussen het die Volksraad op 16 November 1855 besluit om op die plaas Elandsport 'n dorp uit te le-

*Hendrik en Johanna Vermeulen se drie seuns, v.l.n.r. Hendrik (Hennie-Boet), Jan Albert en Guillaume.*

FOTO: S. DU PREEZ

*Kerkplein Pretoria, 1857, volgens 'n kopie van 'n waterverfskildery deur Marian Churchill.*

FOTO: STADSRAAD, PRETORIA

waarvan die naam Pretoria sou wees. Volksraadsittings is hierna ook in Pretoria gehou. Weens 'n gebrek aan doeltreffende akkommodasie was die sitting op 27 Mei 1856 in die huis van Hendrik Vermeulen.<sup>26</sup> Daarna is M.W. Pretorius se dorps huis op die erf langs die van Hendrik Vermeulen voltooi en het die Volksraad hier vergader.<sup>27</sup>

Andries du Toit — 'n kleurryke figuur en man van baie bekwaamhede — is in 1857 as plaaslike landdroer benoem en ingesweer.<sup>28</sup> Du Toit was 'n aktiewe organisierder van die plaaslike gemeenskap en het 'n vergadering belê vir 29 Julie 1857 waarop die eerste dorpsregulasies vir Pretoria opgestel is. Teenwoordig was A.F. du Toit, A. van der Walt, J.H.M. Struben, J.F. Schutte, P.J. Smit, H. Vermeulen, W. Schutte, Jan Farrel H. Austin en J. Vermeulen.

Met die hulp van die Vermeulenbroers het Du Toit 'n watervoer na die "Kerkplein" laat grawe vir die permanente watervoorsiening aan die gebied. Verder het hy Pretoria se eerste strate uitgemeet en 'n kaart opgestel wat die datum 2 Maart 1859 dra.<sup>29</sup>

Kootjie Vermeulen het etlike persele in die nuwe dorp gekoop wat hy mettertyd die een na die ander van die hand gesit het.<sup>30</sup> Sy eerste seun is in 1852 gebore en na sy vader, Guillaume Christoffel, genoem. Daarna is vyf dogters gebore.<sup>31</sup> Van sy vier seuns het waarskynlik net

22. Afdruk gepubliseer in S.P. ENGELBRECHT e.a., *Eeuves-album: Pretoria se eerste eeu in beeld* (Pretoria, 1952), p.12; F.G.M. DU TOIT, *Eeuvesgedenkboek van die gemeente Pretoria 1854—1954* (Pretoria, 1954), pp.5—6.
23. F.G.M. DU TOIT, *op. cit.*, p.6.
24. H.W. STRUBEN, *Recollections of adventures 1850—1911* (Kaapstad, 1920), pp.27—28.
25. 'n Wit-en-swart afdruk van hierdie skildery is gepubliseer in S.P. ENGELBRECHT e.a., *Eeuves-album: Pretoria se eerste eeu in beeld* (Pretoria, 1952), p.16.
26. F.G.M. DU TOIT, *op. cit.*, p.6.
27. R. PEACOCK, *Die geskiedenis van Pretoria 1855—1902* (D.Phil.-proefschrift, U.P., 1955), p.39.
28. *Ibid.*, p.53.
29. Municipaliteit Pretoria, "Kaart van het dorp Pretoria, Z.A. Republiek, Maart 2 1859", opgemeet deur landdros A.F. du Toit.
30. T.A.B., T.5 Landdros Pretoria Bijdrage Boek van erven, Pretoria, Landdroskantoor 1863—1876, p.91.
31. Cornelia Magdalena: getroud met Booysen; Johanna Susanna: getroud met Rogers; Philipina Susanna: gebore 8 November 1857, gedoop September 1858, oorlede 4 Januarie 1911; Andriesina Piaternella Jacoba: gebore 13 September 1859, gedoop 26 Julie 1859, getroud met Williams, en Catharina Elizabeth: getroud met Hillem.



die oudste en die jongste hubare ouderdom bereik.<sup>32</sup> Die jongste, Thomas Benjamin, het net twee dogters, en die oudste drie seuns gehad. Kootjie se tuine is uiteindelik omring en verswelg deur die steeds groeiende dorp sodat hy later uitgewyk het na Rietfontein. Sy vrou het hom in 1889 ontval en hy is in 1898 oorlede.<sup>33</sup>

Hendrik en Johanna Vermeulen het ses kinders gehad. Die oudste, Guillaume, is met Anna Margaretha Erasmus getroud. Sy is kinderloos oorlede en hy hertrou met Maria Susanna Aletta Boshoff. Hulle is kort na mekaar oorlede en het 'n tweejarige dogter, Johanna Sophia, agtergelaat.<sup>34</sup> Hendrik se tweede seun, Jan Albert, is met Maria Elisabeth Botha getroud en hulle huwelik was kinderloos.<sup>35</sup> Hennie-Boet, die jongste, is ook met 'n Botha-nooi getroud. Hulle het vier dogters gehad en hulle enigste seun is na sy pa en oupa vernoem.<sup>36</sup> Soos die seuns is die dogters ook met jong mans uit die omgewing getroud. Johanna Sophia<sup>37</sup> is met Willem Adriaan Fourie getroud en hulle kinders is jonk oorlede terwyl Catherina Elizabeth, wat met die wewenaar Guillaume Schoonbeeck Pretorius getroud was, 'n groot nageslag gehad het.<sup>38</sup>

Harry Struben se herinneringskrif vermeld 'n nagmerrie-ondervinding wat Hendrik se oudste dogter, Aletta Maria, gehad het. Sy en haar man, Jan Gabriel Marais, het in Heidelberg gewoon. Jan Marais is tydens 'n jagekspedisie deur die weerlig getref en op slag gedood. Aletta het net haar seun, Jan, wat op 21 Julie 1864 gebore is en nie ouer as ses tot agt jaar kon gewees het nie, gehad om haar verder oor die weg te help. Sy het haar man se lyk op die wa gelaai, die twee agterosse, wat ook deur die weerlig getref was, losgesny en die volgelaaiende wa reggedraai om die ander osse weer in te span en huis toe te ry. Sy het later by haar ouers op die plaas Hartebeestpoort gewoon totdat sy met die wewenaar Gerhardus Johannes Engelbrecht getroud is. Hulle het drie dogters en een seun gehad. Twee van die dogters is met De Beers getroud wat na Tanzanië (destyds Tanganjika) getrek het waar die meeste van hulle later oorlede is. Voor die Tweede Vryheidsoorlog het Aletta as weduwee haar weer in Pretoria gevestig waar sy klere-maakster was. Sy het 'n baard gehad wat sy nooit geskeer het nie, en volgens familieoorlewering het sy lord Kitchner se tuiswag in Pretoria baie probleme gegee met haar vreemde voorkoms!<sup>39</sup>

*Catharina Elizabeth Vermeulen en haar man Guillaume Schoonbeeck Pretorius, 'n seun van kmdt.-genl. Andries Pretorius se broer Bart. Sy was waarskynlik die eerste baba wat in die omgewing van Kerkplein gebore is.*

FOTO: S. DU PREEZ



*Aletta Maria, oudste dogter van Hendrik en Johanna Vermeulen, was agtereenvolgens met Jan Gabriel Marais en Gerhardus Johannes Engelbrecht getroud. Na laasgenoemde se dood in 1896 het sy in Pretoria gewoon waar sy as kleremaakster bekendheid verwerf het. Haar baard, wat sy nooit afgeskeer het nie, het tydens die Tweede Vryheidsoorlog die Britse veiligheidspolieuse telkens op haar spoor gehad omdat hulle vermoed het dat sy 'n Boerespion in damesklere was.*

FOTO: MNR. G. ENGELBRECHT

Die Vermeulens en De Beers het hegte vriendskaps- en familiebande behou. Hendrik Vermeulen het sy suster wat met Frederik de Beer getroud was, vernoem<sup>40</sup> en die twee families het tot met die dood van Hendrik se vrou in 1872 op Hartebeestpoort gewoon. Hendrik het op 3 Junie 1873 op Potchefstroom weer getrou, en wel met Johanna, weduwe van Pieter Cornelius Oosthuizen.<sup>41</sup> Hy woon daarna tot en met sy dood op 4 Januarie 1895 in die wyk Gatsrand, Potchefstroom-distrik.<sup>42</sup>

Van die "Bontveld", waar die Vermeulens hulle bykans honderd-en-dertig jaar gelede gevestig het, is daar vandag geen teken meer nie. Net Fonteinlaan (die huidige Volkstemlaan) herinner diegene wat weet daaraan dat die eerste tuinier van Pretoria hom daar gevestig het, terwyl Vermeulenstraat die gedagtenis van Guillaume Christoffel Vermeulen en sy seuns, Hendrik en Kootjie, in ere hou. ▀

32. Guillaum Christoffel: gebore 4 Januarie 1852, oorlede 12 Mei 1928, getroud met Hester Sophia Botha: gebore 5 Mei 1853, oorlede 11 November 1925; Jacobus Gerhardus: gebore 12 Desember 1864, gedoop 1 Januarie 1865, oorlede voor sy ouers; en Thomas Benjamin: gebore April 1876, oorlede 24 September 1941, getroud met Gertruida Maria Dorothea Nothnagel.
33. T.A.B., boedel nr. 15479 (Jacobus Gerhardus Vermeulen) en boedel nr. 4975 (Phillipina Susanna: gebore van der Walt).
34. T.A.B., boedel nr. 8097/1906 (G.C. Vermeulen: oorlede 19 Januarie 1906, getroud met Anna Margaretha Erasmus: gebore 1852, oorlede 15 Februarie 1901 (Boedel nr. 854/1901); hertrou met Maria Susanna Aletta Boshoff: oorlede 1904).
35. Jan Albert: oorlede 19 Julie 1920, getroud met Maria Elizabeth Botha: dogter van die eienaar van Kleinfontein, oorlede 14 November 1921. Informasie verstrek deur hul pleegseun David Adolf Michiel Schoeman, Pretoria, in 1975.
36. Hendrik Johannes: gebore 1852, oorlede 24 April 1928, getroud met Helena Catharina Botha: gebore 7 Oktober 1851, oorlede 21 September 1946.
37. Johanna Sophia: gebore 14 Junie 1846, oorlede 27 Augustus 1918, getroud met Willem Adriaan Fourie: gebore 1842, oorlede 21 Julie 1901.
38. Catharina Elizabeth: gebore 5 April 1850, oorlede 30 Maart 1906.
39. N.G. Gemeente Bosmanstraat, Pretoria, Doopregister, Jan Gabriel: gebore 21 Julie 1864, gedoop 1864, seun van Jan Gabriel Marais en Aletta Maria Vermeulen. Volgens familie-oorlewering was daar ook 'n dogter, Johanna, wat waarskynlik by 'n suster grootgeword het; H. STRUBEN, *op. cit.*, p.34; mededelings van Gert Engelbrecht, Pretoria, in 1975.
40. Catharina Elizabeth: gebore 9 Augustus 1815, gedoop 30 Oktober 1815, oorlede 16 September 1892, was getroud met Frederick Jacobus Matthys de Beer.
41. N.G. Gemeente Bosmanstraat, Pretoria, Potchefstroom-Huwelikregister.
42. T.A.B., boedel nr. 9608.